

## **Sing vooraf: Psalm 138:1, 3 (p. 670)**

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,  
en voor die gode<sup>o</sup>in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.  
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.  
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 3 Dan breek hul saam in sangstem uit; / 'n lofgeluid klink U dan teë.  
Want groot is God in heerlijkheid; / sy majesteit in al sy weë.  
Hy slaan, hoewel oneindig hoog, / op hul die oog wat needrig lewe.  
Maar sien van ver die kleinheid aan / van grootheidswaan wat hoog wil strewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 145:1, 12 (p. 696)**

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Konings-eer wat alle krone<sup>o</sup>oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!  
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## **Psalm 73:10 (p. 369)**

- 1 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –  
0 U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.  
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,  
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlijkheid.

Skriflesing: Psalm 72

Teks: Psalm 72:19

**En geloofd sy vir ewig sy heerlike Naam! En laat die hele aarde met sy heerlijkheid vervul word! Amen, ja amen. (Psalm 72:19 AFR1953)**

Elke ware gelowige behoort in verrukking te wees as hy/sy besef wat die koningskap van die Here Jesus werklik vir ons beteken.

- Die Here Jesus die Here beskerm ons tydens ons aardse lewe met sy ewige koningskap.
- Hy versorg ons in 'n lewe na hierdie een in 'n blyplek waar ons en die land waarop ons woon, volmaak is.

Ons behandel hierdie Psalm vanuit die volgende invalshoeke:

- 1. Die styl van die nuwe koning**
- 2. Die ryk van die ware Koning**
- 3. Die styl van die ware Koning**

## 1. Die styl van die nuwe koning

Van Salomo – so begin die Psalm.

- Die bedoeling is nie dat die Psalm deur Salomo geskryf is nie, maar wel dat die Psalm vir of oor hom geskryf is.
- Die Psalm is deur Dawid geskryf as 'n gebed en 'n profesie aangaande sy seun Salomo wat hom opvolg as koning.

Die Psalm beskryf twee sake tegelykertyd:

- Eerste beskryf dit die regering van 'n aardse koning oor die Here se volk.
- Tweedens beskryf dit die regering van die Messias oor die Godsvolk in die hiernamaals.

Hierdie twee sake is so vervleg met mekaar dat die Psalm soms net van die een en dan weer net van die ander, en partykeer van albei tegelyk sing.

Die Psalm sing in vers 1 van 'n koning wat tegelykertyd 'n koningseun is. Wie is hierdie koning?

- Dit kan nie Dawid wees nie, want die koning word dan 'n koningseun genoem, en Dawid se pa was nie 'n koning dat hy so 'n naam kon hê nie.
- Die koning is dus 'n kind wat reeds 'n koning as pa het – dié koning is dus 'n regmatige erfgenaam van die troon.

Natuurlik het Dawid van sy seun Salomo gepraat wat toe agtien jaar oud was, en wat pas koning geword het en wat daar voor hom gestaan het.

- Maar die Psalm kyk dikwels by Salomo verby na 'n ander Koning toe – die Messias wat as koning kom in sy Vader se mag en heerlijkheid.

Hierdie Psalm laat mens onwillekeurig dink aan al die beloftes wat die Here aan Dawid gemaak het oor Salomo in 2 Samuel 7.

- Die Here het Dawid verbied om self die tempel te bou.
- Maar toe het die Here allerhande beloftes gemaak oor 'n koning uit sy geslag wat hom sou opvolg.
- Hierdie Psalm herhaal van die beloftes wat die Here destyds aan Dawid gemaak het.

Gedra deur die Heilige Gees teken die digter van Psalm 72 'n koning in wie menslike en Messiaanse trekke ooreenkom, en ook gemeng word.

- 'n Koningsgestalte word geteken wie se heerlijkheid ver bo dié van Israel se heersers uitstyg.
- Is hierdie koning van Psalm 72 die **nakomeling** (2 Samuel 7:12vv.) wat Israel tot ongekende heerskappy sal lei, en wat al die volke onder sy vrederyk sal bymekaarmaak?

Wat bid Dawid alles vir hierdie koning?

- Eerste bid Dawid die rykdom van God se genade oor die koning af.
- Daarna bid hy in die besonder vir die regspraak wat die koning gaan doen.
  - Vir ons mag dit dalk vreemd klink dat iemand bid vir regverdige regspraak, want ons het 'n onafhanklike regbank, maar in die Ou Ooste was dit anders.
  - Die hele regspraak het in daardie jare berus op die wilsbepaling van die koning.

Hierdie (nuwe) koning moet anders wees:

- Hy moet die handhawer wees van die goddelike reg.
- Om dit te kan wees, moet hy beheers word deur die Gees van die Here.
- Hy gaan God se reg en geregtigheid oor die hele volk en oor die ellendiges laat heers.

Profeties moet hierdie jong koning die beeld wees van die Here Jesus Christus wat met goddelike geregtigheid die hele mensdom oordeel.

*Dit moet 'n geregtigheid wees waar die aansien van die persoon nie tel nie – net die suiwer goddelike reg soos wat dit in God se genade tot openbaring kom.*

## **2. Die ryk van die ware Koning**

Op hierdie punt is daar 'n wending in die Psalm, want tot hiertoe was dit 'n gebed. Nou word dit 'n profesie waarvan die fokus soms by Salomo verbyskuif totdat dit fokus op die uiteindelijke regering van die Messias.

Die wydheid van die genade van die Here word in hierdie Koning se heerskappy geopenbaar, want dit is nie net die volk wat verander nie – die land verander ook.

- Die hele land word 'n land van vrugbaarheid – so vrugbaar dat selfs die berge vol graan word.
- Hierdie graan groei so geil dat die wind daardeur ruis soos wat die wind deur die Libanonbosse ruis.
- Dit is alles tekenend van die vrede wat onder die koning se regering sal bestaan.
- Terselfdertyd is dit tekenend van die geluk en voorspoed van die volk – van die blydskap waarmee hulle onder hierdie koning se heerskappy sal lewe.

Die dinge waarvoor Dawid alles gebid het in vers 1, sien hy in vervulling gaan in vers 4.

- Dit is belangrik om daarop te let dat die voorspoed van die koning se regering nie net vir 'n kort rukkie duur nie.
- Dit duur so lank as wat die koning lewe, en hy lewe so lank as wat die son en die maan daar is.
- Die son en die maan skyn oor baie geslagte wat mekaar opvolg, en vir al hierdie geslagte is die son en die maan getuies van hierdie koning se groot liefde en geregtigheid oor die wat aan hom behoort.

Die hele natuur verkondig die seën van hierdie messiaanse koning se heerlikheid en lof in sy regering.

- Dawid het profeteer dat hierdie koning se regering soos goeie reën oor sy land sou uitsak.
- Die reën is simbool van vrugbaarheid en van lewenskrag wat vernuut word.
- Reën is simbool van die herskepping van die Here oor die land en sy mense.
- Hierin breek iets deur van die voorspelling van die nuwe aarde wat met Jesus se wederkoms verskyn.

Oor hierdie vrugbare natgereënde land vestig vrede en geregtigheid vir ewig.

- Daarmee is dit duidelik dat Dawid op daardie oomblik profeties so ver gesien het dat hy die Messias in sy ewige koninkryk gesien het, met die volk van die wederkoms voor Hom.

Wat is die beeld wat by u bly vassteek? Wat is die belangrikste karaktertrek van die nuwe land met sy mense onder die regering van die nuwe koning?

- Vrede. Daar is nie oorlog nie. Daar is geen spore van die hel en sy werk nie, want daar is nie onreg onder die mense nie, en ook nie armoede nie.

Dit is waar dat die nuwe Koning al hierdie dinge bewerk, maar daar is dinge waaraan ons moet aandag gee.

- Het u opgelet dat in hierdie Psalm daar 'n aantal dinge is wat beklemtoon word, sonder dat daar een woord oor geskryf staan.
- Een so 'n ding is die eis wat by implikasie aan die volk gestel word dat hulle hulle aan hierdie Koning se regering sal onderwerp en dat hulle dan inderdaad self ook regverdig sal lewe.

- Die bedoeling van die Koning se regering is om die gebiede waar daar onregverdigheid is, uit te stryk sodat regverdigheid die bo-ton kan voer.

In hierdie opsig stel die Psalm aan ons die eis (profeties) dat ons die Messias van God in hierdie gehoorsaamheid moet volg as ons deel van sy komende koninkryk wil wees.

- Hierdie Psalm lê juis so swaar klem op die herskepping van die mens en van die natuur om daarmee ook die eis tot bekering wat op ons rus, te beklemtoon.
- Ons moet in onself verander sodat ons in geregtigheid lewe.
- Die volk – ons – moet 'n biddende volk wees.

So ontvou die ewige koninkryk van God hom in Dawid se profetiese vergesig.

- Die grense van die nuwe koninkryk is onbeperk. Dit gaan van see tot see en dit sluit selfs die grense van die hel in.
- Die Eufraat is in die boek Openbaring die skeiding tussen kerk en wêreld, maar hier in Psalm 72 is dit die middelpunt van die Messiaskoning se ryk.
- Die Here se Koning is so ewig en magtig dat Hy 'n wêreldheerser sal wees in 'n groter en voller sin as enige koning wat ooit op die aarde regeer het.

### 3. Die styl van die ware Koning

Daar is nog iets geweldig belangriks wat ongesê in hierdie Psalm is.

- Dit is dat hierdie koning so magtig is dat Hy nie sy regering met geweld en oorlog of fisiese krag in die hande kry nie.
- Iets hiervan is geopenbaar in Salomo se koningskap, want hy was by uitstek 'n vredevoers.
  - Hy het nooit oorlog gemaak nie.
  - En hy het met ongekenende wysheid geregeer.

Maar dit is omtrent die punt waar die ooreenkoms tussen Salomo en die ware Messiaskoning afbreek.

- Die Messias styg met sy heerlikheid heeltemal bo Salomo se hoogste prestasies uit. Hierdie Koning is so ontsettend magtig in Homself dat Hy uitstyg bo alle vorme van geweld.
- Geweld kan Hom nie aanraak nie, en sy geestelike mag is so ontsettend groot dat Hy almal verslaan deur net te verskyn.
  - Die roem van sy majesteit verslaan sy vyande.
  - En die krag van sy heerlikheid bevestig sy wysheid oor sy volk.

Die basis waarvandaan die ware Koning sy volk en sy land opbou is sy neerbuigende liefde.

- Hy strek Hom uit na mense toe wat om hulp roep.
- Hy gee lewe aan mense wat smeek om gered te word.

Hier het ons 'n baie duidelike stukkie Christusprediking – dit is nie dinge wat Salomo kon doen nie.

- Jesus Christus het in sy koningskap die hoogste hemele verlaat en 'n menslike liggaam aangeneem.
- Hy het gely onder verdrukkers wat die reg verdraai – soos wat Dawid dit ook hier beskryf.
- Hy is deur hulle gekruisig sodat, deur hierdie daad, God se vloek oor ons sondes op Hom kon rus.
- Nadat Hy die straf vir ons sondes gedra het, het Hy vir ons gesterf en opgestaan uit die dood.
- So ver het sy liefde afgebuig om ons in ons ellendes op te soek en te red.

Die redding van Psalm 72 het betrekking op ons.

- Die ware Koning – Jesus Christus die Here – sterf vir ons en verlos ons.
- Die redding behels alles wat in hierdie Psalm beskryf word: herskepping, vrede, heerlikheid en 'n volmaakte land om in te woon.

Laat ons ook soos Dawid nou al die profetiese vervulling daarvan sien en in verbystering ons Koning se heerskappy besing:

*Mag sy Naam vir ewig wees;  
mag sy naam uitspruit solank as wat die son daar is!  
Mag al die nasies wat in Hom geseën word, Hom gelukkig prys!  
Geloof sy die HERE God,  
die God van Israel, wat alleen wonders doen!  
Geloof sy vir ewig sy heerlike Naam!  
Laat die hele aarde met sy heerlikheid vervul word!  
Amen, ja amen.*

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 72:10, 11 (p. 363)

- 10 Laat al die volke uit wydste kringe / aan Hom hul dank bewys  
vir matelose seëninge, / en Hom gelukkig prys.  
Klim op, my lof, na hoër sferes! / Van bowe kom die seen;  
want Isr'els God aan Hom die ere! – / doen wonders, Hy alleen.
- 11 Sy Naam, bo alle naam verhewe, / sy uit eerbiedenis  
die volle roem en eer gegewe / so lank daar wêreld is!  
En laat so ver die sonlig bewe, / so ver die sonpyl skiet,  
sy heerlikheid die aarde oorsewe! / En "Amen" sê my lied!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 2 Maart 2008 (aand)